BYBELSTUDIE HEBREËRS 11:23-31

A. OPSOMMING.

Die getuies wat in hierdie verse na vore kom is: die ouers van Moses;
Moses self;
die Israeliete;
en Ragab.

VERS 23:

Die negende groep getuies wat ingeroep word, is die ouers van Moses. Hulle het hom onmiddellik na sy geboorte weggesteek. In Eksodus 2:2 word daar eintlik net van sy moeder gepraat, maar volgens die skrywer van Hebreërs het sy vader ook 'n aktiewe rol gespeel. Die ouers se geloofsdaad was om die bevel van die koning te trotseer. In Egipte was dit onvergeeflik en is dit onmiddellik met die dood gestraf. Ten spyte hiervan het die ouers die seuntjie versteek en geglo dat hy bewaar sal word.

VERS 24-26:

Die tiende getuie wat na vore tree is Moses. Naas Abraham was hy die grondlegger van Israel se volksbestaan en godsdiens. Geloof het van die begin af 'n belangrike rol in sy lewe gespeel. Sy geloof is geopenbaar in die volgende sake:

- Hy het geweier om as seun van die dogter van Farao gereken te word [24]. Dit was sy wat hom uit die Nyl laat haal en aan die Egiptiese hof laat opvoed het [Eks.2:10].
- Hy het die Egiptiese hof verlaat en hom by die volk van God wat slawe was, gevoeg [25]. Hy doen dit eerder as om sonde te geniet. Hier word gedink aan die skatte wat tot sy beskikking was en hoe die genot daarvan tot sonde aanleiding gegee het. Vers 26 vertel wat Moses groter geag het as die skatte van Egipte, naamlik: *Hy het die smaad ter wille van Christus 'n groter rykdom geag as die skatte van Egipte*. Hier het Moses vasgehou aan die belofte van God: die koms van die Messias.
- Die volgende geloofsdaad van Moses bestaan daarin dat hy Egipte verlaat het sonder om bang te wees vir die woede van die Farao [27]. Moses het op God bly vertrou. Dit was 'n besondere geloofsdaad van Moses om van Egipte saam met die volk die woeste wêreld in te trek. Hy het “volgehou” soos een wat die onsienlike sien. Met die “onsienlike” word hier God bedoel.
- Nog 'n geloofsdaad word in vers 28 genoem. In die geloof het Moses die volk aangemoedig om die Pasga te vier. Daarmee saam moes hulle ook bloed aan die deurkosyne smeer [Eks.12.23]. Met die eerste oogopslag is dit onduidelik waarom die skrywer na hierdie gebeure verwys. Ons moet egter onthou dat hy gedurig vir Jesus Christus voor oë het. In die lig van die breë konteks van die Hebreërbrief, kan hierdie handeling vooruit wys na wat in

Jesus se gemeente gebeur. Die Pasga maaltyd en die besprinkeling met bloed het die eersgeborenes van Israel se lewe gered. In die gemeente het die NAGMAAL en DOOP 'n soortgelyke simboliese funksie. Die probleem was dat daar gelowiges was wat dit verwaarloos het.

VERS 29-31.

In hierdie verse word die geloof van die Israeliete en Ragab genoem. Twee gebeurtenisse word uit die geskiedenis van Israel aangehaal om aan te toon watter rol geloof gespeel het. Israel is die elfde getuie. Die eerste getuie is hulle geloof wat hulle deur die see soos op droë grond laat trek het. Die ongeloof het die Egiptenare laat verdrink. Die lesers moes ag gee op hierdie voorbeeld omdat dit 'n aanduiding is van watter groot verskil tussen geloof en ongeloof bestaan.

Die tweede gebeurtenis is die mure van Jerigo wat val [30]. Die Israeliete se geloof het hulle vir sewe dae om die mure van Jerigo laat loop. Die gevolg van hulle geloofsvolharding was dat die mure omgeval het.

In vers 31 word die laaste spesifieke getuie genoem en dit is Ragab. Daar is altesaam 12 getuies opgeroep. Twaalf is 'n belangrike getal. Dit druk volgens die Semitiese en Joodse opvatting volheid uit. Die volle getal getuies wat oor die geloof moet getuig is nou opgeroep. Ragab is 'n eienaardige voorbeeld van 'n geloofsheldin. Sy was nie 'n Israeliet nie en daarby sedeloos. Tog het sy 'n geloofsdaad verrig deur die Israelitiese verkenners te ontvang vgl. Jos. 6:17 ev.]. deur haar daad het sy haar moed getoon en ook haar geloof dat die Israeliete sal seëvier. 'n Ander rede waarom Ragab genoem word, mag wees omdat sy in Matteus 1 vers 5 aangedui word as een van die stammoeders van Christus.

B. <u>VRAE</u>.

1. Lees vers 24-28.
   Hoe het Moses sy geloof gewys volgens hierdie verse?

2. Hoeveel spesifieke getuies was daar altesaam vanaf vers 1 tot en met vers 31? Waarom presies die getal?

3. Hier volg twee stellings. Hoe sou jy elkeen van hulle beoordeel?
    - Die geheim van 'n sterk geloof lê in hoeveel jy jou daarin oefen?
    - Die geheim van 'n sterk geloof lê daarin dat jy van jouself moet wegkyk en op God moet konsentreer?

4. Die belofte van God, naamlik die koms van die Messias, het duidelik by Moses 'n groot rol gespeel. Waaruit word dit duidelik?

5. Volgens vers 29 word Israel se deurtog deur die Rooisee as 'n besondere geloofsdaad beskryf. Waarom dink jy was dit juis vir Israel so 'n geloofsdaad? [Lees Ps.46:4; 107:25-30].

6. Ware geloof is nie bang nie. Van wie word gesê dat hulle nie bang was nie in vers 23-31?

C. ANTWOORDE.

1.

- Hy het geweier om as seun van die dogter van Farao gereken te word [24].
- Hy het die Egiptiese hof verlaat en hom by die volk van God wat slawe was gevoeg [25]. Hy doen dit eerder as om sonde te geniet [die voorspoed en rykdom van die Egiptiese hof].
- Hy het Egipte verlaat sonder om bang te wees vir die woede van die Farao [27]. Moses het op God bly vertrou.
- In die geloof het Moses die volk aangemoedig om die Pasga te vier en die bloed aan die deurkosyne te smeer [Eks.12:23]. Binne die konteks van die Hebreërbrief, het hierdie handeling vooruit gewys na wat in Jesus se gemeente gebeur. Die Pasga maaltyd en die besprinkeling met bloed het die eersgeborenes van Israel se lewe gered. In die gemeente het die nagmaal en die doop 'n soortgelyke simboliese funksie.

2. Presies 12 getuies is opgeroep. Twaalf is 'n belangrike getal. Dit druk volgens die Semitiese en Joodse opvatting volheid uit. Die volle getal getuies wat oor die geloof moet getuig is nou opgeroep.

3. Eie antwoord.

4. Die eerste belofte wat op Christus gerig is, vind ons in vers 26. In hierdie vers het Moses vasgehou aan die belofte van God, naamlik die koms van die Messias. Daarom het hy die "*smaad ter wille van Christus groter rykdom geag as die skatte van Egipte"*.
   Die tweede belofte op Christus gerig, vind ons in vers 29. In die geloof het Moses die volk aangemoedig om Pasga te vier en om bloed aan die deurkosyne te smeer [Eks.12:23]. In die lig van die Hebreërbrief wys hierdie handeling van Moses vooruit na die doop en die Nagmaal – dit is na Jesus wat sy bloed vir ons as gelowiges gee.

5. Vir die seevarende volkere soos die Fenisiërs en die Grieke was die see 'n vriend. Die Jode was egter net lief vir die land. Hulle het die see met agterdog en vrees bejeën. Daarom maak die Bybelskrywers melding van die onstuimigheid en die gevare van die see [Ps.46:4; 107:25-30]. Dit was 'n plek waar allerlei monsters geskuil het [Job 7:12; Ps.104:26]. Daarom dat Hebreërs die deurtog deur die Rooisee as so 'n geloofswaagstuk beskou het.

6.Van Moses se ouers in vers 23 en Moses self in vers 27.